Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2274 24 April 2026

# Kanarie Meyer gaan Ramaphosa se liedjie sing



Roelf Meyer, wat die bynaam Kanarie gekry het omdat hy in sy diensplig tydperk gesing het in die SA Weermag-koor, “Die Kanaries”, gaan nou ‘n ander deuntjie sing nadat hy deur sy persoonlike vriend, mede-ANC-lid en staatshoof van die land, Cyril Ramaphosa, aangestel is as ambassadeur in Amerika.

Die tans 78-jarige Meyer was die hoof-onderhandelaar en -oorgeeër namens die reeds gestorwe Nasionale Party by die Kodesa-onderhandelings in die vroeë jare negentig van die vorige eeu, nadat FW de Klerk vir Nelson Mandela vrygelaat het en die ANC en SA Kommuniste Party ontban het.

Dit is alom bekend dat Meyer namens die NP, en Ramaphosa wat die ANC se hoof-onderhandelaar was, persoonlik goed bevriend geword het in daardie tyd – ‘n vriendskap wat steeds bestaan. Waarskynlik was daardie vriendskap die rede dat die ANC méér uit die onderhandelings gekry het en dat die NP in wese alles oorgegee het aan die ANC.

Hy was op ‘n stadium minister van verdediging, maar sy ver-linkse standpunte het hom in stryd met die weermag se topstruktuur gebring, waarop hy uit die pos verwyder is.

Meyer was nog ‘n rukkie lid van Mandela se kabinet, maar het bedank om die sekretaris-generaal van die NP te word. Ook in dié pos het hy geen sukses behaal nie en het FW de Klerk hom afgedank en hom ‘n possie as gewone komitee-voorsitter gegee – iets wat nie vir Meyer aanvaarbaar was nie. Hy het uit die NP bedank en ‘n maand later het hy eers saam met Bantu Holomisa die UDM gestig, maar in 2006 by die ANC aangesluit, waar hy tans steeds ‘n lid is.

Hy was in 1994 ook in omstredenheid gedompel toe hy hom laat besprenkel het met bokbloed en sorghumbier gedrink het sodat die voorvaders hom kon aanvaar.



## Vredesbloed vloei vir R

Volks 21/2/94

Politieke Beriggewer

JOHANNESBURG. – Die bloed het gister gevloei toe mnr. Roelf Meyer, Minister van Staatkundige Ontwikkeling, 'n Sowetaner geword het.

Maar daar was geen geweld nie en geen druppel mensbloed is gestort nie. Die mense wat min. Meyer ontvang het, was almal baie gemoedelik. Selfs die enkele ANC-betogers was vriendelik.

Dit was die bloed van 'n boerbok wat geslag is in 'n tradisionele plegtigheid om die voorvaders te laat weet daar is nou vrede tussen swart en wit in Suid-Afrika.

Sangomas het die boerbok se galblaas uitgehaal en die gal oor min. Meyer se hare gedrup en in sy handpalms en arms gevryf. 'n Teug sorghum-bier later en die voorvaders het min. Meyer aanvaar.

Nou kan hy en ander blanke NP-leiers amptelik werwing in Soweto doen.

Mnr. Joshua Nxumalo, gewese MK-lid en nou NP-kandidaat, het gesê as dié plegtigheid nie nagekom was nie, kon

MNR. MEYER

Soweto en enkele ander belangstel toegespreek.

Min. Meyer het gesê die tradis plegtigheid het 'n belangrike simb betekenis. Dit is dat swart en wit saamstaan in vrede en liefde. Dit

Meyer se aanstelling is enersyds ‘n erkenning deur Ramaphosa dat hy niemand in sy eie swart geledere het wat hy as geskik vir die pos beskou nie. Die hoofrede is dat al sy swart kollegas waarskynlik al iewers in die verlede beledigende opmerkings teen Trump gemaak het, net soos Ebrahim Rasool

(Vervolg op bladsy 8)

# Die Redakteur……

## Nuwe koers vir die DA?

Die Demokratiese Alliansie het toe sy leiersverkiesing gehou en soos verwag is, het Geordin Hill-Lewis die leisels oorgeneem by John Steenhuisen, wat toenemend ongewild geword het, beide binne die DA asook daarbuite as gevolg van sy swak hantering van die pos as minister van landbou, en sy ooglopende gedienstigheid aan Cyril Ramaphosa.

Hill-Lewis het aanvanklik enkele stellings gemaak wat die idee laat posvat het dat hy dalk ‘n sterker leiersfiguur kan wees, wat dalk sterker kan vertoon as Steenhuisen, en wat dalk nie ten alle tye gedienstig aan die koalisieregering sal bly nie. Hy sou aanvanklik nog dink daaroor of hy Steenhuisen as landbouminister wil handhaaf, maar later gesê hy is tevrede dat Steenhuisen sy pos behou.

Dit is altyd moeilik as ‘n ou leier deel van die span bly van die nuwe leier. Dit was waarskynlik ook Mmusi Maimane se probleem toe hy by Helen Zille oorgeneem het. Toe Zille partyleier geword het na Tony Leon, het laasgenoemde die regte ding gedoen en uit die politiek getree.

Nou is Steenhuisen nie meer leier nie, maar steeds ‘n kabinets- en parlementslid, terwyl Hill-Lewis aanbly as burgemeester van Kaapstad – in wese is dit ‘n laer posisie en status as dié van Steenhuisen. Steenhuisen bly dus nader aan die politieke hartklop van die nasionale politiek, en Hill-Lewis gaan dit van ‘n afstand af sien, hoor, gadeslaan en sodanig moet bestuur. Dis geen maklike taak nie.

Intussen het die eerste woelinge in en om die DA reeds hul kop begin uitsteek.

Na sy verkiesing, het Hill-Lewis triomfantlik verklaar dat die DA in 2029 die grootste party gaan wees, en daarmee sien hy homself skynbaar reeds in die Uniegebou. En om momentum te gee aan dié strewe het hy en Helen Zille dadelik die strate van Soweto ingevaar om kiesers te gaan werf. Hy kan nie anders nie, want volgens die demografie van die land is die grootste kieserskorps die swart stem, en die DA sal weer hard moet vry om daardie stem te kry.

Hoe gaan dit by die ander bevolkingsgroepe ontvang word?

Die Blankes sal op hierdie stadium nog gelukkig voel: ‘n blanke leier is met ‘n ander Blanke vervang, alhoewel Helen Zille vervang is deur Ashor Sarupen. Sarupen se verkiesing sal moontlik ‘n bietjie Indiër steun kan werf.

Maar een groot verandering is dat dr. Ivan Meyer uitgestem is as federale voorsitter van die DA en vervang is met Solly Msimanga. ‘n Bruin voorsitter is met ‘n swart voorsitter vervang, en daar is klaar ontevredenheid onder die bruin kiesers daaroor. Skynbaar het Meyer die saal verlaat toe Msimanga verkies is, en dui op moontlike spanning.

Natuurlik het Gayton McKensie van die PA onmiddellik politieke munt daarin probeer slaan. Hy het dadelik gesê hy kry die bruin lede van die DA jammer, want hulle word op die kantlyn geskuif. Dit is vir die DA ‘n redelike probleem, want in die laaste klomp plaaslike regering tussenverkiesings, het die PA heelwat steun gewen en selfs wyke by die DA afgerokkel. Die DA kan dus ernstige probleme optel in die Wes-Kaap, en daarvoor sal hy dubbel so hard moet werk om swart kiesers te wen.

Die Patriotic Alliance (PA) se burgemeesterskandidaat vir Kaapstad vir die komende munisipale verkiesing is ook nou aangewys, naamlik Cheslyn Steenberg. Hy is reeds ‘n raadslid in Kaapstad en ook die PA se hoofsweep, en kan baie van die bruin steun van die DA wegtrek, wat selfs Hill-Lewis se toekoms onvoorspelbaar maak op hierdie stadium. Die PA fokus sterk op bruin identiteit, en dit behaal duidelik goeie resultate vir dié party.

Ook Christo van der Rheede van die FW de Klerk-stigting het die DA gekritiseer dat hulle nie verteenwoordigend gekies is nie en dat daar te min bruin leiers uit die Wes-Kaap in die party se topstruktuur is ten spyte daarvan dat die party grootliks op kiesers uit dié provinsie steun.

Intussen het Hill-Lewis gesê dat ras in Suid-Afrika steeds relevant is. “Ons is diep belê in en verbind tot die bevordering van alle arm Suid-Afrikaners, van wie die meerderheid swart Suid-Afrikaners is,” het hy gesê. Hierdie uitspraak kan sy gewildheid onder swart kiesers laat toeneem, maar beslis nie onder die ander kiesers nie. Inteendeel.

Die PA fokus op bruin identiteit. Die DA neig skynbaar nou meer na swart kiesers, en is bang om enige identiteit aan te neem, behalwe om deel te neem aan die politieke ter wille van mag, sonder dat daar wesenlike verskille tussen sy beleid en dié van die ANC is.

Waar gaan die blanke, en in besonder Afrikanerkiesers, hulle identiteit vind? Uiteindelik lê die antwoord in identiteit. ‘n “Minderheid” is geen identiteit nie. Afrikaner-identiteit gaan hand-in-hand met Afrikanernasionalisme. Sodra nasionalisme verwerp word, begin identiteit vervaag en word dit ‘n grys gebied.

Die HNP staan steeds by Afrikanernasionalisme, en beleef daarom hoegenaamd geen identiteitskrisis nie. ■

# DIE POLEMIEK RONDOM N.P. VAN WYK LOUW SE DRAMA "DIE PLUIMSAAD WAAI VER"

**Prof. Fransjohan Pretorius**

Ek het in die grondige navorsing van dr. Natie van Vuuren en prof. Jaap Steyn meer te wete gekom oor die polemiek rondom N.P. van Wyk Louw se drama "Die pluimsaad waai ver". Die drama is geskryf vir die vyfjarige herdenking van die bestaan van die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1966.

Pluimsaad gee 'n beeld van die komplekse samestelling van 'n volk — die goeies en slegtes, dapperes en banges, getroues en verraaiers. Die handeling sentreer hoofsaaklik rondom die bittereinder pres. M.T. Steyn en die afvallige Grootvader Visser tydens die Anglo-Boereoorlog as teenstrydige figure uit die volk. Die drama begin juis met die woorde: "Wat is 'n volk?"

Die eerste minister, dr. H.F. Verwoerd, wat die eerste opvoering op 25 Mei in Pretoria bygewoon het, het tydens sy feesrede op 31 Mei die eerste skoot geskiet deur te sê: "O, kon dit ook vir ons gegee word, diegene... wat nie weifelend vra: Wat is 'n volk, nie, maar wat... die lelike, die vleeslike opsy kan skuiwe en dan [net] kyk na die geestelike en die mooie..."

Louw en Verwoerd was twee van die invloedrykste Afrikaners van die dag. Daar was reeds 'n mate van spanning tussen hulle oor die politiek (die posisie van die bruin mense) en literêre kwessies soos sensuur en die toekenning van die Hertzogprys aan Etienne Leroux. Albei was oortuigde nasionaliste, met Verwoerd se geloof in onverdeelde trou aan "die saak" en Louw se siening wat hy as "lojale verset" bestempel het.

Spoedig het 'n hewige polemiek in die koerante losgebars. Kommentaar en dosyne briewe na weerskante het van skrywers, toneelmense, historici, die algemene publiek, studente en selfs skoliere verskyn.

Gevierde Afrikaanse vroue soos Rykie van Reenen, Petronella van Heerden en M.E.R. was gaande oor die stuk. "Dit is 'n volksbesitting," het M.E.R. geskryf.

Die eerste negatiewe brief was dié van Maritz Spaarwater, 'n 26-jarige regstudent van Pretoria, in *Die Transvaler*: Die stuk is "deurdrenk van die hedendaagse negatiwistiese défaitisme en sieklike antiheroïsme..." Meer galbrakery het gevolg, maar skrywers soos Chris Barnard en W.A. de Klerk het Louw ondersteun.

Die briljantste verdediging vir Louw het gekom van prof. Gerrit Viljoen, wat kort daarna rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit sou word. Die stuk het vir hom juis "'n dieper en aangrypender betekenis blootgelê in die heldedom van die gesuiwerde kern van Boerestryders wat as bittereinders hulle pluimsaad ver laat waai het deur toekomstige Afrikanergeslagte heen".

Vir die historikus dr. Maria Hugo was daar "elemente wat hinderlik oneg en ongemotiveer is", maar hierdie voorstellings het die Bloemfonteinse historikus prof. M.C.E. van Schoor geensins gehinder nie.

Louw se reaksie was die emosionele hoogtepunt van die polemiek. Hy het op 'n huldigingsete op sy 6Oste verjaardag gesê: "As iemand sê ek is 'n vrot skrywer, haal ek my skouers op ... Maar as my Afrikanerskap in twyfel getrek word, kan dit nog seermaak, bitter seer."

Jaap Steyn reken dat die polemiek dit later vir skrywers makliker gemaak het om met Afrikanernasionalisme te breek nadat die soberende invloed van Louw verdwyn het.

Pluimsaad? Gaan lees hom!

(uit: *Terugblik 2 — Nog 80 sketse van ons geskiedenis* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam Aristata Boekwinkels). Met goedgunstige toestemming van die outeur).

# Woord en wêreld

## Effektiewe Gebed 3



***Deur Dr. Gideon Grobler***

**Skrifgedeelte:** Markus 11:22-26 *Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.* 23 *Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see — en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur — hy sal verkry net wat hy sê.* 24 *Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.* 25 *En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.* 26 *Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.*

**Oordenking:** Die derde eienskap van effektiewe gebed is die geestelike aspek.
"23 *Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see— en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur—hy sal verkry net wat hy sê."*

Hierdie vers word redelik algemeen beskou as 'n problematiese vers.

Elke kommentaar wat jy hieroor kan nagaan sê dat dit figuurlik bedoel is. Nie letterlik nie. Net op dieselfde manier as wat jy sou sê: Na ek dit of dat, wat soos 'n berg voor my gelê het, gedoen het, het dit gevoel of die berg van my skouers af is. Die berg was nie regtig op jou skouers nie, dit is net maar 'n uitdrukking. Ek aanvaar die letterkundige opmerking, maar kan in dieselfde asem nie nalaat om te vra, is dit 'n groter wonder om die berg te skuif as om die son vir drie en twintig uur en vyftig minute te laat stil staan? Dít het werklik gebeur!

Hier gaan dit nou oor my en jou geloof/nie twyfel nie!

Ons het in die vorige oordenking gesê ons kom terug na die voorbeelde van Petrus wat 'n paar treë op die water kon loop en die man wie se seun deur die duiwels besete was.

Toe Petrus vir Jesus vra om hom wat Petrus is na Hom wat Jesus is, te roep om op die water te loop, moes Petrus bepaald in sy gedagtes gehad het die groot wonderwerke wat Jesus al voor hulle gedoen het. Die historiese. Verseker het hy ook geglo dat Jesus die vermoë het om dit te laat gebeur.

Daarom loop hy aanvanklik op die water.

Ongelukkig laat Petrus toe toe, dat die winde en golwe, die diepte van die see en al die ander logiese omstandighede, hom maak twyfel. Dadelik sink hy!

Vir 'n oomblik skuif sy aandag van God se vermoë om hom op die water te laat loop, na hoe onmoontlik dit is om op water te loop en hoe nietig sy mensheid teen die grootsheid van die see se water is.

Kom ons gaan net eers weer terug na die vers: *"Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see—en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur—hy sal verkry net wat hy sê."*

Twee punte wat baie duidelik uit die vers kom is:

1. dat *"…elkeen wat vir hierdie berg sê":* Elkeen, sluit my en jou in! Hierdie belofte is vir elkeen wat glo in die vermoë van God en nie begin twyfel wanneer hy/sy na die logiese omstandighede kyk nie!

2. Só 'n gelowige sal kry wat hy vra!

In Mat. 14 waar die verhaal van Petrus wat op die water loop vertel word, lees ons: "Mat 14:30 *Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!* 31 *En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel? (eie beklemtoning)*

In Markus 9:19 waar die man met die seun wat van kleins af 'n onrein gees gehad het na Jesus kom, Hom nie daar kry nie, net nege van die dissipels. Johannes, Jakobus en Petrus was op pad terug saam met Jesus van die verheerliking wat op die berg plaasgevind het, kon die dissipels nie die gees uitdryf nie.

In Markus 6 (7-13) toe Jesus die dissipels uitgestuur het, kon hulle inderdaad, só lees ons wanneer hulle terug rapporteer, duiwels uitdryf. Nou staan hulle verleë want hulle kon nie. Wanneer dit aan Jesus vertel word deur die pa van die seun, antwoord Hy: 9:19 "Toe antwoord Hy hom en sê: *o Ongelowige geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra?" Jesus antwoord eintlik die verleë dissipels, " … hoe lank sal Ek julle verdra?" (eie beklemtoning)*

Nóu nie kleingeloof soos in die geval van Petrus wat op die water loop nie, maar óngelowiges. Met klein geloof slaag Petrus tot sy kleingeloof, ongeloof word.

Die pa van die seun in die verhaal, wanneer Jesus hom wys daarop dat met geloof enigiets moontlik is, roep hy uit: “Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!” Bedoelende my geloof is min/klein en dan red Christus die seun.

Is dit nie ons almal se probleem nie? Die genade bo genade, Jesus het genade met ons klein geloof, maar daar moet iets wees! Daar moenie ongeloof wees nie! Hoeveel,… vra u dalk? Soveel soos die mostertsaadjie!

Ek begin by die historiese, ek verdiep my in die wonders van die verlede, ek glo dat dit dieselfde God is wat al hierdie wonders laat plaasvind het, as die God wat ek tans aanbid, God-drie-enig! Ek vra met die geloof wat ek het, en fokus op die Almag van God, nie op my omstandighede nie, sodat ek nie twyfel nie!

Só die Here wil volg ons in die volgende oordenking op die vierde element van effektiewe gebed, nl. die praktiese.

**Gebed:** O Vader in die hemel hoog, kom asseblief ook ons, in ons ongeloof genadig! **Amen**

---

# Lesers sê hul sê

**vandegraafhenk@gmail.com**

**Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*.**

**Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg.**
**Briewe met ’n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie. *(Red.)***

## Ek wil nie meer nie

Ek wil nie meer nie. Ek wil nie meer by 'n braaivleis met die ander politiek praat en hulle saam met my oor politiek saamstem nie. En hulle belowe hulle sal die ledevorm en die finansiële bydraevorm voltooi en instuur. En dan gebeur daar niks nie. As ek hulle weer sien, sê hulle: "o gaats, ek het vergeet". Nou as vriende nie omgee wat met ons gebeur nie, dan wil ek nie meer nie. Maar eintlik wil ek nie net meer nie, maar wil ek ophou en my leeftyd se einde bereik.

As my vriende saamstem dat die HNP reg was en is, hoekom doen hulle nie meer iets vir die HNP nie? Hulle werf nie lede nie. Hulle praat nie eers politiek wanneer hulle funksies/braaivleis/etes hou nie. Die Volk moet lyk my maar tot niet gaan.

Ek is al te oud om baie aksies te reël of by te woon. En as elk sien hoe die jongmense, veral skoolkinders gemeng saam loop, dan wil ek nie meer nie. Dan ry ek verby die universiteit en sien nog meer vermenging. Dan wil ek glad nie meer die HNP of Afrikanervolkslede ondersteun of hulle probeer oorreed nie. Dan wil ek huis toe gaan en die deur sluit en die radio en tv weggooi.

Die enigste iets wat ek nog soms lees is ***Die Afrikaner***. Daar word ook verwys na wat die swart regering aan ons Volk doen. Dan dryf dit my dokter toe om anti-depressante medisyne te kry. Maar ek is nou al oud en mag nie te veel medisyne kry om my heeltemal te laat tou opgooi nie.

Die enigste ding wat my nog kan help, is as die lesers ledevorms en debietordervorms voltooi en aan die kantoor stuur. Die kantoor het belowe om my inligting te gee oor hoeveel reaksie daar is.

As daar nie reaksie is nie, wil ek nie net meer nie, ek wil liewer maar my einde bereik.

Groete vir laas aan my mede-Afrikaners wat nog die Volk wil red. Mag julle slaag.

**Andries Badenhorst,** *Verwoerdburg*

---

## Herinnering aan Jan Wilkens

Jan Wilkens, oud rofstoeier, is oorlede.

Hy het in 1982 op Clocolan teen 'n Amerikaner gestoei. Wat op my groot indruk gemaak het, was die japon wat hy voor die geveg gedra het: dit was oranje met die Odal-rune op die rug. Na die geveg het hy aan my, as skoolseun, gesê dat hy HNP is.


**Frans Pieterse**
*Clocolan*

*(vervolg op bladsy 15)*

# Die oorlewing van die Afrikaners

**Perspektief**

deur
Meinhard Peters



’n Mens sou verwag dat waar daar strategiese oorwegings ter sprake kom, die tema van oorlewing werklik ernstig ter sprake moet kom. Dit behoort in die agtergrond van al ons beplanning ’n belangrike saak te bly. Ongelukkig sien ons dit te min. Dikwels sal jy die reaksie kry: ”Nee, ons moenie praat van oorlewing nie, ons wil vryheid hê,” En dan volg die bekende, uitgerekte **Volkstaatdebat** daarop. Nou ja, daar is niemand wat nie ’n Volkstaat sal verwelkom nie; maar dan swerf ons in ons verbeelding weg van die daaglikse lewe en die ervarings van ons mense. Ons volk verkeer sedert 1994 in die ernstigste eksistensiële krisis van sy hele geskiedenis. Dit is waarmee die JA-stemmers en FW de Klerk se verraad ons gelaat het.

Met die woord “oorlewing” bedoel ons ’n omvattende gedagte: elke aspek van ons volkslewe word daardeur geraak. In die brosjure wat in 2025 opgestel is vir die Forum vir Strategie lees die eerste punt soos volg: **Ons moet slim oorlewingsplanne bedink en toepas.** Dit is gewone Afrikaans wat elke mens kan verstaan. Die suggestie dat dit **slim** planne moet wees, stel ons voor ernstige uitdagings. Dit moet die heel beste wees waartoe ons in staat is; en dit moet planne wees wat ons toepas. Die bewoording wat volg verduidelik dit kortliks.

”Wat hieronder verstaan word, is dat die hele begrip van oorlewing in elke opsig deeglik oorweeg moet word. ’n Aantal belangrike aspekte word betrek by die stryd om oorlewing, veral wanneer mens vanuit jou lojaliteit aan die Afrikanervolk daaroor dink. Dit gaan onder meer oor jou eie toekoms in die ekonomiese lewe, oor jou gesin en familie, maar dan ook oor jou taal, geloof en kultuur. Uiteindelik gaan dit ook oor vryheid en selfbeskikking op staatkundige gebied. Van die ander punte (wat verderaan in die dokument volg) moet gesien word as kritiese aspekte vir die oorlewing van ons volk.

”Baie Afrikaners het na 1994 begin emigreer ter wille van oorlewing. Beteken dit dan dat ons volk net op daardie wyse sal oorleef? Vandag beplan jong Afrikaners reeds van vroeg af aan om eendag oorsee te werk. Wat is ons volk se antwoord daarop?

”Boonop is daar die implikasie in hierdie punt dat ons effektiewe planne moet beraam vir ons fisiese veiligheid. Reeds sedert die 1990’s word Afrikanerboere aangeval op hoewes en plase, word oues van dae sagte teikens vir aanvallers in stedelike gebiede. Om aan ons toekoms te dink, is om oorlewing baie ernstiger op te neem. Wat ons in hierdie verband beplan moet ook volhoubaar wees; en dit moet ons volk se posisie in elke opsig versterk. Ons moet ons beste breinkrag inspan om werkbare langtermyn strategieë te ontwikkel.”

Hierdie stelling kan goedskiks by die aanvang van elke organisasie se strategiese beplanning aan die orde kom. Daaruit vloei byna al die ander sake voort, wat ook al op die agenda is. In die betrokke dokument word dit opgevolg deur sake soos kultuurstrategie, onderwys, kultuurprodukte, politieke taktiek, optrede oor Afrikaans, en die kweek van nuwe leierskap.

Dink maar goed: Wanneer ons ons kulturele identiteit verloor het, en nie meer ons taal gebruik nie, wanneer ons ons geloofslewe verwaarloos het, het ons volk inderdaad opgehou om te bestaan as ’n volk in die mees wesenlike sin. Dan kan ons nie meer die Afrika-nervolk genoem word nie.

Laat ons daarom nie vlak kyk na die woordjie oorlewing nie. Ons kan maklik ’n aantal ander volke in die wêreld opnoem wie se voortbestaan bedreig word. Let maar goed op hoe hulle daarop reageer. My kommer is dat Afrikaners aan die slaap gesus is, sodat ons nie effektief weerstand kan bied nie. Verskillende metodes en “narratiewe” is deurgaans aangewend om ons te laat glo dat ons in die bedeling wat na 1994 gevolg het, sal oorleef; dat dit eintlik vir ons beter sou wees as onder die “wit minderheidsregering”. Baie het begin glo dat apartheid uitgedien is, dat menseregte ons ewegoed sou beskerm.

Vandag sien ons deur die valsheid van daardie aansprake; maar te veel Afrikaners is nog houtgerus oor die toekoms – veral wanneer dit oor die groter saak van volksoorlewing gaan. Mense dink gewoonlik aan hul eie toekoms en dié van hul kinders. Maar die individu en ons gesinne se toekoms is volledig afhanklik van die toekoms van ons volk. Natuurlik betrek dit ook die toekoms van die blanke aan die Suidpunt van Afrika.

Ons het baie grond verloor sedert die era van Malan, Strijdom en Verwoerd. Die beleid van afsonderlike ontwikkel het ingehou dat daar lewensruimte vir die blanke sou wees, en by implikasie dan ook lewensruimte vir die Afrikanervolk. Die oorlewing van ons volk is vandag ernstig in die weegskaal. ■

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

## Die Hoggenheimers

**Hermanus van der Schyff**

Ons gaan hierdie week verder met uittreksels uit mnr. Jaap Marais se boek, "Waarheid en werklikheid".

Hierdie hoofstuk gaan oor "Anti-nasionale beleid".

"Die bevordering van sosialisme uit naam van 'private inisiatief' is deel van die spraakverwarring van die NP se huidige politiek. Dubbelsprakigheid in die NP het 'n kenmerk van die na-Verwoerd-era geword. Een ding word gesê en 'n ander word gedoen. Motiewe word verberg. Mandate word vervals. Net soos met sport en die grondwetlike voorstelle tot magsdeling met Kleurlinge en Indiërs, is daar op ekonomiese en finansiële gebied ook 'n gebruik van woorde en begrippe om oogmerke en motiewe te verberg, soos onder andere die NP se huidige 'anti-sosialistiese' uitsprake.

"Waar die Nasionale Party sedert sy stigting die Afrikanervolk se bolwerk teen die imperialistiese geldmag (die Hoggenheimers) was, en deurgaans in 'n koue oorlog teen dié mag gewikkel was, het die NP veral sedert 1980 onder dekmantel van 'private inisiatief' in 'n bondgenootskap met hierdie mag gegaan en daarmee uiteraard sy hele verhouding met die Afrikanervolk en Afrikanernasionalisme radikaal verander.

"Dit is merkwaardig dat nie lank na die sluipmoord op dr. Verwoerd nie, een van die Oppenheimer-amptenare, MC O'Dowd, geskryf het dat Suid-Afrika teen 1980 'n liberale regering sou hê, maar dit steeds die Nasionale Party sou wees wat regeer.

"Net so merkwaardig is dit dat mnr. Harry Oppenheimer in 1982 sê dat hy 'beïndruk is dat mnr. PW Botha die NP laat skeur het ter wille van hervorming'. (*Beeld*, 30 Desember1982). Natuurlik, verdeel en heers was nog altyd die metode van die finansiële imperialiste in hulle stryd teen die Afrikanervolk.

"Terwyl die Nasionale Party van genl. Hertzog in die twintigerjare, en van dr. Malan in die vyftigerjare, staatsmag gebruik het om sleutelnywerhede soos Yskor en Sasol te begin, was dit nie uit sosialistiese oortuigings nie, maar uit patriotiese en nasionale oorwegings - om Suid-Afrika op nywerheidsgebied selfstandig te maak en die samelewing te beskerm teen uitbuiting deur die imperialistiese geldmag van die Hoggenheimers.

"Maar die huidige NP het Sasol teen 'n bespotlike prys aan dié geldmag gaan verkoop en beplan om Yskor, Evkom en ander staatsorganisasies ook aan hulle oor te dra. Dié optrede is regstreeks in stryd met wat die NP vroeër verteenwoordig het. En dié verkoop is nie 'n anti-sosialistiese stap, soos voorgegee word nie, maar 'n anti-nasionale stap; nie 'n pro-vrye ekonomiese stap nie, maar 'n pro-Hoggenheimer-stap.

"Hierdie sogenaamde anti-sosialistiese benadering wat die NP gebruik om sy verbroedering met die imperialistiese kapitaal te verberg, raak die Suid-Afrikaanse politiek tot aan sy diepste wortels. Dit sny oor buitelandse verhoudinge, rasseverhoudinge, ekonomiese beleid en ook selfs oor militêre beleid, soos elders hierin getoon.

"As die grondliggende botsing in die Suid-Afrikaanse politiek tussen kapitalisme en sosialisme was, sou die hele aard van die stryd anders gewees het. Die stryd is tussen 'n finansiële imperialisme, soos verteenwoordig deur Cecil John Rhodes en die Hoggenheimers, en 'n kulturele nasionalisme, soos verteenwoordig deur pres. Kruger en Nasionaliste tot dr. Verwoerd.

"Die opvolgers van Rhodes soek politieke heerskappy deur finansiële heerskappy. Die opvolgers van Kruger soek politieke mag deur vereenselwiging met hulle volk se beginsels en ideale. Die een gee voor dat daar net na materiële welsyn van die individu gekyk moet word. Die ander gaan van die standpunt uit dat 'n regering se hoogste taak is om die kulturele en etniese identiteit van 'n volk te beskerm en sy vryheid en vaderland te bewaak.

"In hierdie Suid-Afrikaanse politieke botsing word kapitalisme en sosialisme in 'n heel ander voeg getrek as in Europa."

Mnr. Marais verwys duidelik dat die NP van John Vorster en die leiers na hom, nie meer die Afrikanervolk eerste gedien het nie. Hulle het eerder die rykes en ander volke soos die Swartes bevoordeel om hulle gelyk te stel met dit wat die Afrikaners wat hulle met moeite uit die armste klas uitgewerk het. Afsonderlike state vir elke volk waar daar in vrede saam, maar apart, geleef kon word, en soos dr. Verwoerd gesê het, "in goeie buurmanskap", is met die badwater uitgegooi. Maar vir die regeerders

was die Hoggenheimers eerder voordelig en die Hoggenheimers weer voordelig vir die regeerders van die NP. Die ekonomiese voordeel wat die Engelse tydens die Engelse oorlog gesteel het soos die minerale, veral goud en diamante, en het hulle so skatryk geword. Wat die Engelse Hoggenheimers nog verder bevoordeel het was die Swartes wat hulle gedurende die oorlog na die myne gelok het en Afrikaanse soldate na die oorlog uit billike bedrywighede gehou het en moes die Afrikaner soldate wie se huise afgebrand en vee uitgewis was, na stede toe trek om teen minimum lone te werk wat hulle skaars aan die lewe kon hou. So is die Afrikaner arm gehou en die Engelse en Engelse meelopers gehelp om rykdom op te bou. Hierdie Hoggenheimers het voortgegaan om die Afrikaners teen minimum lone te laat werk. Die Afrikaners het later uit eie stoom maatskappye gestig, soos Volkskas en ander, om te help om die volk 'n beter lewe te gee. Maar die Hoggenheimers se reeds sterk besighede het veroorsaak dat dit lank gevat het voor die Afrikaners billike lewenstandaarde kon bereik. En toe die Afrikaner sterk genoeg begin om finansieel beter te begin opbou, het die NP die regering net so aan 'n swart kommunistiese en sosialiste terroriste bende oorgegee wat daarna die land se rykdomme net gesteel en laat verval het. Hulle het ook 'n groot aantal wette op die wetboek geplaas om die Blankes tot die armstes van die armes van die staat te reduseer.

---

## Kanarie

*(Van bladsy 1)*

wat as gevolg daarvan deur die Trump-regering uit die land geskop is. Ramaphosa se aangestelde spesiale gesant na Amerika, Mcebisi Jonas, kon nooit daardie posisie opneem nie aangesien Amerika hom ‘n visum geweier het.

Weer eens moet ‘n Blanke Ramaphosa se kastaiings uit die vuur probeer krap, nadat Ramaphosa nie Trump se galery van gewilde staatshoofde gehaal het nie, en Meyer het hom heel gewillig voor Ramaphosa se karretjie laat inspan om dié vuil werk te doen, terwyl hy reeds 78 jaar oud is en hy geen diplomatieke agtergrond het nie.

Meyer spog verder met ‘n paar ander mislukkings. Tydens die Kodesa oorgawe-onderhandelings kon Meyer dit nie regkry om ‘n sonsondergangklousule vir swart bevoordeling, die sogenaamde BEE, te onderhandel nie, wat beteken dat Blankes wat na 1994 gebore is, steeds op grond van hulle velkleur uit poste gehou word, en word jong sakemanne steeds gedwing om hul ondernemings aan BEE-kwotas te laat voldoen. Meyer gaan nou hierdie beleid, waarteen Trump hewig gekant is, as ‘n getroue ANC-lid moet verdedig, wat hom waarskynlik onmiddellik in konfrontasie met Trump gaan plaas.

Weens Meyer se noue verhouding met Ramaphosa, en die feit dat hy ANC-lid is, is net ‘n verdere vorm van kader-ontplooiing, waarvoor die ANC al berug geword het. Hy gaan die stem van die ANC in Amerika moet wees.

Die ander mislukking agter Meyer se naam, is die sogenaamde Nasionale Dialoog, waarvan hy ‘n mede-leier en “vername persoon” was. Dié dialoog het een keer plaasgevind teen enorme koste vir die belastingbetalers, het ontaard in ‘n nasionale monoloog en het nie eens ‘n behoorlike notule opgelewer nie.

Ramaphosa se liedjie het maar op ‘n vals noot met Donald Trump begin, en as Kanarie Meyer daardie selfde vals wysie wil sing, kan hy ook as *persona non grata* uit Amerika gesit word. ■

---


# HUTTEN-BUCHDIENST



Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

# Staaltjies uit die HNP se Geskiedenis (3)

## My eerste herinneringe

**Henk van de Graaf**

Helaas kan ek nie sê dat ek ‘n stigterslid van die HNP was nie. My pa ook nie.

Die rede daarvoor was dat my pa van 1968 tot 1971 in Nederland gewerk het, amptelik as joernalis maar in werklikheid was hy gekontrakteer vir ‘n projek van Militêre Inligting, om die bewegings van die kommuniste in Oos-Afrika teenoor Suid-Afrika vas te stel.

Ek (as enigste kind) en my ma, is saam vir daardie drie en ‘n half jaar na Nederland, en die wegbreek van die HNP-leiers het dus in daardie tyd gebeur.

My pa het wyle oom Jaap Marais goed geken. Toe hy nog met immigrasie-sake gewerk het, het hy dikwels Kaap toe gery om die Eerste Minister uit die parlement te roep. Slegs ‘n LV kon die Eerste Minister in kennis stel van ‘n besoeker, en my pa het altyd vir oom Jaap gebruik.

Dus, toe die nuus breek dat dr. Hertzog, mnre. Jaap en Willie Marais en Louis Stoffberg, wegbreek en ‘n eie party stig, was my pa se lojaliteit onmiddellik daar. Alhoewel ek maar ‘n skrale agt jaar oud was, kon ek redelik volg wat gebeur.

Veral die dag met die 1970-verkiesing.

Vooraf was daar al baie optimisme dat die nuutgestigte HNP setels gaan wen. Een van my pa se vriende, wat daardie tyd in Nederland studeer het, was oom Piet van der Dussen (later dr. Pieter van der Dussen), wat later in die HNP baie aktief was en ekonomiese berigte vir ***Die Afrikaner*** geskryf het. Oom piet was veral baie optimisties.

‘n Ander student wat baie by ons aan huis gekom het, was oom Fanie Jacobs, wat later advokaat was en die KP se LV vir Losberg geword het, en sy vrou, Marike. Oom Fanie was die HNP goedgesind daardie tyd.

Die aand van die verkiesing was die Van der Dussens by ons aan huis in Sliedrecht. Die radio was ingeskakel op die Radio Suid-Afrika se buitelandse diens, en so is die verkiesingsuitslae gevolg – die een terugslag na die ander. Oom Piet was later amper verpletter deur die slegte uitslae vir die HNP, en het heel moedeloos op die trap na ons huis se bo-verdieping gaan sit: kop onderstebo in sy hande. Ek onthou nog die geel trui wat hy aangehad het, en iewers in my argief is daar nog die ou skyfie wat my pa geneem het van oom Piet met sy geel trui, moedeloos en teleurgesteld op die trap.

Terug in Suid-Afrika het my pa werk by die RGN gekry, wat ‘n semi-staatsinstelling was. Hy het dadelik ingeskakel by die Koedoespoort se kiesafdelingsraad, waar hy ondervoorsitter was onder oom Eben Geldenhuys, wat die voorsitter was.

Omdat hy vir die RGN gewerk het, het hy maar ‘n lae profiel in die HNP gehandhaaf. Tog het hy destyds vir ***Die Afrikane***r geskryf onder die skuilnaam F Grondeur. Grondeur is die Franse woord vir grompot...


In die 1974-verkiesing het ek ywerig pamflette gestrooi vir die HNP. Een middag het ons in Waverley pamflette gestrooi, en oom Maarten du Preez het ons in sy blou bakkie af- en opgelaai. Ek loop in die een straat, kom by ‘n hekke waarop ‘n “Pasop vir die Hond” bordjie is, maar die hekkie staan oop. Toe ek die pamflet in die posbussie gooi, kom daar uit die niet ‘n Duitse Herdershond van die stoep af gehardloop, om my en ek draai betyds om dat hy my nie van agter byt nie, maar wel van voor. My broek se knoop waai net daar en ek voel hy het raak gebyt. So vinnig as wat hy gekom het, het hy doodluiters omgedraai en teruggegaan na die stoep.

Gelukkig het oom Maarten ‘n noodhulpkassie in sy bakkie gehad, die wond is skoongemaak, maar die strooiery vir dié dag was vir my verby, want my broek wou sonder die knoop nie bo bly nie...

Gedurende die aanloop tot die verkiesing van 1977 is my ma oorlede. Net voor haar dood het sy nog in die HNP-kantoor gewerk vir adv. Martin Louw, wat die HNP se kandidaat vir Koedoespoort was.

Daardie tyd was ek op CR Swart Hoërskool en moes ons een keer per week in die geskiedenisklas deelneem aan ‘n bespreking oor die verkiesing. Dit was vir my heerlik om te praat oor die HNP se kandidaat en sy openbare vergaderings, tot ergernis van mnr. Delport, wat ‘n vurige Nat was.

Maar ook in Koedoespoort het ons slae gekry, en my pa en ek besluit ons moet dit vier met ‘n Oorwinningsfees, in ons ruim erf met heerlike braaiplek. En so het ons dadelik weer die basis gelê vir die volgende verkiesing, wat die tussenverkiesing sou word waar mnr. Jaap Marais die kandidaat was teen Sybrand van Niekerk, in 1979. Maar toe het ons reeds verhuis na Bloemfontein. ■



## Hongarye méér links, of nie...?

Die regse Hongaarse eerste minister, Victor Orban, het die algemene verkiesing in sy land verloor, tot groot vreugde van die Europese Unie en die linkse media. Die wenner is Péter Magyar, ‘n sogenaamde meer liberale kandidaat.

Op X skryf ‘n politieke waarnemer die volgende oor Orban se “nederlaag”:

“Hongaarse skaak wat Brussel laat huil 😅😂🤣

“Viktor Orbán laat trap sy vertroude ‘verraaier’ en die EU in die perfekte lokval: die skaakmat wat Brussel, Soros en Obama verneder het.

“In 'n vertoning van politieke skaak so briljant dat dit aan die komiese grens, het Viktor Orbán lankal agtergekom dat die Europese Unie, George Soros, Obama en die hele globalistiese klub op hom afgekom het. Sonder enige waardevolle linkse opposisie in Hongarye oor (geen van hulle het die lagwekkende 5%-kiesersdrempel oorgesteek nie), het die Hongaarse premier besluit om die probleem op sy eie manier op te los: hy het sy top bondgenoot en regterhand, Péter Magyar, geneem en hom as 'n vertroude ‘teenstander’ opgelei.

“Die plan was so eenvoudig soos dit geniaal was: Magyar, wat tot 2024 'n sleutelstuk van die Orbán-regering was, het dramaties van die skip gespring, die dissident gespeel, gretig fondse aanvaar van die einste Eurokrate wat Orbán verag, en homself geposisioneer as die groot hoop vir ‘verandering’. Die Europese linkses en hul beskermhere het in die strik geval soos vlieë in heuning. ‘Uiteindelik!’ het hulle in Brussel geskree terwyl hulle die tjekboek oopgemaak het. Niemand het natuurlik iets verstaan nie, want amper niemand praat Hongaars nie en die opskrifte in die Westerse media was te vleiend om te bevraagteken.

“Die resultaat? Magyar het gewen. En die oomblik toe hy voet aan bewind gesit het, het die ‘verraaier’ sy ware gesig onthul. Hy het verklaar dat die grens ‘nie sterk genoeg is nie’, 90% van Ursula von der Leyen se eise verwerp, die regte van etniese Hongare geprioritiseer, en in die praktyk by dieselfde soewereinistiese lyn gebly wat die EU so irriteer.

“Die Europese Unie, Soros, Obama en hul maats het die aas gebyt, die geld uitgedop, en staar nou in verstomde ongeloof terwyl die ‘verandering’ wat hulle so gevier het, presies dieselfde ou Orbán is – net met 'n ander naam. Meesterlik. 5D-skaak op sy beste. En die beste deel: alles wettig, alles skoon, en alles reg onder hul neuse.”

Ook in Vlaandere word dieselfde ontleding gemaak deur Gregory Roelandt wat die situasie so opsom: “'n Sterk skaakvertoning.

“Terwyl die EU aanhou droom het van ‘verandering’ in Hongarye, het Viktor Orbán die spel eenvoudig slimmer gespeel. Met swak of nie-bestaande opposisie het Péter Magyar skielik as die sogenaamde uitdager van die stelsel verskyn.

“Brussel en die gewone kringe het dit gretig opgeraap. Uiteindelik, het hulle gedink, iemand wat Orbán sou breek. Steun, aandag en verwagtinge het onmiddellik gevolg.

“Maar wat het gebeur? Sodra hy in posisie is, bly die lyn merkwaardig dieselfde: streng grense, nasionale belange eerste, en min gehoorsaamheid aan Europese druk.

“Brussel met Von der Leyen het gedink hulle het gewen – terwyl hulle weereens die verloorders is.”

---

## Arrestasies vir Amerikaanse verkiesingsbedrog in 2020 op pad

Na 14 maande in die amp het FBI-direkteur Kash Patel aangekondig dat dié buro arrestasies sal maak wat verband hou met die presidensiële verkiesing van 2020.

Amerika se president Donald Trump het lankal gesê die verkiesing van 2020 was gemanipuleer en het Patel die taak gegee om enige oortreders van hierdie beweerde verkiesingsbedrog te vind. Ongeveer

'n jaar nadat Patel die amp beklee het, het die FBI-direkteur gesê arrestasies sal "binnekort kom".

"Ek het dit oorleef, en die media het toe ook na my toe gekom," het Patel aan Fox News Sunday gesê. "Dit wys jou net wanneer jy die teiken is, hou jy aan om die teiken te slaan, want die media gaan probeer om jou te slaan."



"Ons gaan dit nie aanvaar nie en het dit nie laat vaar nie," het Patel bygevoeg. "Ons het reeds voormalige direkteur [Jim] Comey geïdentifiseer en dit gaan deur die geregtelike proses."

Comey is in September 2025 aangekla vir die beweerde aflê van valse verklarings aan die Kongres en vir die belemmering van 'n kongresprosedure, met verwysing na Comey se getuienis tydens 'n 2020-verhoor voor die Senaat se Regterlike Komitee.

Die Departement van Justisie het gefokus op Comey se bewering dat hy niemand by die FBI gemagtig het om stories oor Russiagate aan die media te lek nie, wat aanklaers beweer het vals was. Comey het onskuldig gepleit op die aanklagte, en 'n federale regter het die saak in November 2025 van die hand gewys.

"Ek gaan dit nooit laat gaan nie," het Patel gesê. "Omdat hulle nie net die presidentskap van die Verenigde State en president Trump persoonlik aangeval het nie, maar hulle het probeer om ons verkiesings te dwarsboom en die hele stelsel te manipuleer."

"Dit is nie iets wat ek onder my toesig gaan toelaat nie."

Alhoewel die saak teen Comey deur die mat geval het, het Patel aangedui dat daar meer arrestasies gaan kom en beweer dat die FBI meer as genoeg inligting het om vorentoe te beweeg.

"Ons het al die inligting wat ons nodig het," het Patel gesê oor moontlike vonnisse. "Ons werk saam met ons aanklaers en die Departement van Justisie onder [waarnemende] Prokureur-generaal Todd Blanche, en ons gaan arrestasies maak. En dit kom, en ek belowe jou, dit kom binnekort."

## Nederlandse minderheidskabinet het 'n probleem

Die Senaat het die kriminalisering van onwettigheid en die Asielnoodmaatreëlwet van voormalige PVV-minister Marjolein Faber verwerp. Die wetsontwerp om 'n dubbele statusstelsel in te stel, het wel die wen-streep gehaal. Die minderheidskabinet sit met 'n probleem waarmee dit meer gereeld te kampe sal hê.

As gevolg van 'n skielike ommeswaai deur die PVV-Senaatsfaksie, is die belangrikste asielwetsont-werp wat deur voormalige PVV-minister Marjolein Faber voorgestel is, in die Senaat verslaan. Dit het lank gelyk of Asielminister Bart van den Brink 'n meerderheid vir die Asielnoodmaatreëlwet sou verseker deur sy CDA-partykollegas in die Senaat te oortuig.

Daardie wet sou onder andere die geldigheid van verblyfpermitte beperk en streng reëls vir gesins-hereniging instel. Die kriminalisering van onwettigheid, wat op die nippertjie in die Huis van Verteen-woordigers bygevoeg is via 'n wysigingsvoorstel deur die PVV, was ook deel van hierdie wet.

Die PVV het egter verlede week aangekondig dat hulle teen die wysiging sou stem, wat bepaal dat bystand aan mense wat onwettig woon, nie 'n kriminele oortreding is nie. Uiteindelik het 38 senatore Dinsdag teen die wysiging gestem, wat gelei het tot die verwerping daarvan deur die kleinste moont-like meerderheid.

Volgens PVV-senator Alexander van Hattem is die betekenis van 'n PVV-wysiging om onwettigheid te kriminaliseer te veel verswak. Om die CDA-senatore gerus te stel, het minister van asiel, Bart van den Brink, verlede week verduidelik dat hierdie kriminalisering slegs van toepassing sal wees op 'die frustrasie van aanhoudende terugkeer'. Voortaan sal slegs buitelandse burgers wat in staat is om terug te keer, maar weier om dit te doen, strafbaar wees.

Met hierdie poging om die CDA-lede te oortuig, het die minister van asiel die steun van die PVV-sena-tore verloor, en 'n meerderheid vir beide die wysiging en die Asielnoodmaatreëlwet het uit die oog ver-dwyn. Gevolglik het die belangrikste wetgewende voorstel van voormalige PVV-minister Marjolein Faber nou misluk. Dinsdag het Van den Brink die PVV se ommeswaai 'politieke sabotasie' genoem.

Terloops, 'n groot deel van die streng asielmaatreëls uit die mislukte wetsontwerp is ook ingesluit in die EU-migrasiepakt wat die Huis van Verteenwoordigers onlangs goedgekeur het. Daar is ook 'n meerder-heid hiervoor in die Senaat, wat beteken dat strenger maatreëls soos beperkings op gesinshereniging en die afskaffing van permanente verblyfpermitte waarskynlik steeds later vanjaar in werking sal tree.

Die feit dat die Asielnoodmaatreëlwet nou vasgeval het, is 'n beduidende slag vir die minderheidskoalisie van D66, VVD en CDA. Vroeër het premier Rob Jetten verklaar dat dit 'n gemiste geleentheid sou wees as die wetsontwerpe afgestem word. In die koalisie-ooreenkoms het die partye ooreengekom om die streng asielwette ten volle te implementeer indien dit aangeneem word. Omdat daar aangeneem is dat 'n meerderheid in sig was, is ooreengekom dat die D66-Senaatsfaksie – wat glo dat die wetsontwerpe swak gekonstrueer is en nie behoorlik geïmplementeer kan word nie – toegelaat sou word om daarteen te stem. Die Demokrate het dit Dinsdag eenparig gedoen.

Vir die VVD is die streng asielwette eintlik al jare lank 'n hoogs begeerde wens. Die party was betrokke by die val van twee kabinette weens meningsverskille oor streng asielwetgewing, en het 'n skerp migrasiebeleid as 'n sleutelprioriteit.

Die dooiepunt oor die wetsontwerp toon die kwesbare posisie van die huidige minderheidskabinet in die Senaat. Om 'n meerderheid te versamel, vereis dit dat die wense van verskeie partye voortdurend gebalanseer moet word, wat in hierdie geval onsuksesvol was. Ook in die toekoms sal die Nederlandse kabinet meer gereeld 'n balanseertoertjie in die Senaat moet uitvoer om steun vir groot hervormings te verseker.

---

## EU soek meer geld en meer mag

Die Europese Parlement wil die Europese begroting verhoog tot ten minste 1,27% van die EU se bruto nasionale inkomste, vergeleke met ongeveer 1,1% tans. Dit het duidelik geword tydens die Begrotingskomitee in die Belgiese parlement, waarin die parlement sy standpunt oor die nuwe meerjarige EU-begro-ting (2028-2034) goedgekeur het. “België het reeds in 2024 6,9 miljard euro in die EU-begroting betaal, waarvan die grootste deel deur Vlaandere opgedok is. Hierdie voorstel dreig om daardie rekening aansienlik hoër te maak, net op 'n tydstip wanneer groot opofferings van ons mense gevra word en ons te midde van 'n energiekrisis is,” het lid van die Euro-pese Parlement Barbara Bonte (Vlaams Belang) gesê.



Die Begrotingskomitee van die Europese Parlement het gestem oor sy standpunt in die onderhandelinge rakende die volgende Meerjarige Finansiële Kader vir die tydperk 2028-2034. Die EU-begroting word grootliks gefinansier deur nasionale bydraes. As daardie begroting verhoog word, sal lidstate meer geld aan die EU moet betaal. “Die Begrotingskomitee van die Europese Parlement word, let wel, voorgesit deur Johan van Overtveldt van die N-VA, dieselfde party wat toelaat dat die begroting heeltemal ontspoor op beide federale en Vlaamse vlak en wat nie terugdeins om die kaart van nuwe belastings te speel nie,” kritiseer Bonte.

Die voorstel van die Europese Kommissie maak voorsiening vir 'n verhoging van die EU-begroting tot ten minste 1,27% van die Europese BNI. Terselfdertyd stel die rapporteurs voor dat die koste vir die terugbetaling van die NextGenEU-herstelfonds se koronavirusskuld buite die begrotingsplafonne gehou word. “Gevolglik dreig die ware omvang van Europese besteding baie minder sigbaar te word,” sê Bonte. “Terwyl die Europese Unie ongeveer 750 miljard euro in gesamentlike skuld binne die raamwerk van NextGenEU aangegaan het. Die terugbetaling daarvan, sowel as die rentelas, sal die EU-begroting tot 2058 bly verpand. Selfs die Europese Rekenkamer het reeds herhaaldelik gewaarsku oor hierdie stygende rentelas.” “Lidstate loop die risiko om nog meer soewereiniteit te verloor”

Die Europese Kommissie wil egter niks te doen hê met die afskaffing van geldverslindende programme nie en fokus bloot op nuwe sogenaamde ‘eie hulpbronne’ vir die EU. Dit is nuwe Europese inkomstebronne in die vorm van belasting wat direk in die EU-begroting vloei. Vir Vlaams Belang is dit 'n fundamentele rooi lyn: “Belasting is 'n kernbevoegdheid van soewereine state. Om die EU toe te laat om sy eie belasting in te vorder, is 'n verdere oorgawe van die mag van die lidstate ten gunste van die Europese instellings,” volgens Bonte.

Die stemming tydens die Begrotingskomitee het ook gehandel oor die feit dat EU-befondsing steeds gekoppel is aan die sogenaamde regstaatmeganisme. Hierdie instrument dreig dus om weer eens misbruik te word om lidstate wat nie die Brusselse dekrete nakom nie, finansieel te straf. “Hierdie stemming het dit baie duidelik gemaak watter rigting die Europese instellings wil inslaan: ’n groter EU-begroting, nuwe EU-belastings en ’n steeds hoër rekening vir die lidstate. In ruil daarvoor verloor die lidstate nog meer soewereiniteit. Vlaams Belang sal voortgaan om dit konsekwent teen te staan,” sluit Bonte af. ■




## So lyk raswette deesdae


Elon Musk, gebore Suid-Afrikaner in Amerika, word verhinder om sy Starlink-sateliietverbindings na Suid-Afrika te bring, tensy hy voldoen aan die ANC-beheerde regering se swart bevoordelingsvereistes.

Nou is Starlink in talle Afrika-lande, maar in Suid-Afrika word dit nie toegelaat nie. Hy sê reguit op X dat hy nie sake in Suid-Afrika kan doen omdat hy nie swart is nie. Hy het ook onthul dat hy verskeie kere genader is met voorstelle van omkopery sodat hy wel Starlink hier kan vestig.

Musk het ‘n bietjie gaan navors, en plaas toe die volgende sinnetjie op X: “Daar is nou meer anti-wit en anti-Asiatiese wette in Suid-Afrika as anti-swart wette onder Apartheid.

“Rassisme is verkeerd, ongeag teen wie dit is.”

En dan plaas hy die meegaande grafiek daarby wat opgestel is deur die betroubare Instituut vir Rasse Verhoudinge.




*• Kommentaar oorbodig. Sterkte aan Kanarie Meyer wat dit aan Trump moet verduidelik en teenoor Musk moet regverdig!*

---

## JuliAss en die tronk

En daar het die opperbevelhebber van die rooi pette se peloton van 10 toe tronkstraf gekry vir die verskillende aanklagte waarop hy tereg gestaan het, waaronder die afvuur van ‘n vuurwapen by ‘n openbare saamtrek, en nog verwante klagtes.

Landdros Twanet Olivier het hom tot ‘n effektiewe vyf jaar gevangenisstraf gevonnis.

Baie mense is kwaad vir die landdros omdat sy JuliAss nie die maksimum straf van vyftien jaar gegee het nie, maar **Sarel** dink dié dame het ‘n wel oorwoë uitspraak en vonnis gelewer.

So het sy byvoorbeeld op JuliAss se verweer dat wapens afgevuur word by party herdenkings omdat dit ‘n tradisie is, vinnig en deeglik weerlê: sy sê dit kan geen tradisie wees nie, want dit was die rooipette se eerste verjaardagviering van dié aard.

Natuurlik het JuliAss gevra om te mag appelleer teen die uitspraak, en weer eens het die landdros ‘n baie gebalanseerde toestemming gegee: hy mag teen sy vonnis appelleer, maar nie teen die skuldigbevinding nie.

**Sarel** dink dit is weer eens ‘n baie fyn uitspraak. Omdat die vonnis al so lig is, sal ‘n hoër hof moeilik dit nog ligter kan maak. JuliAss moet oppas dat die hoër hof nie die saam na die landdros terugverwys om die te ligte vonnis te heroorweeg nie...

Natuurlik het hy buite die hof weer sy gebruiklike ekstreme gal gebraak. Hy het die landdros van rassisme beskuldig, en dat sy lid van Afriforum sou wees, wat geblyk het onwaar te wees. Skynbaar het hy ook ‘n foto van haar gesig op ‘n soort doodskis geplak, wat natuurlik intimidasie is.

Net toe **Sarel** bedink of sy optrede daar nie ook neerkom op intimidasie en minagting van die hof nie, verneem hy dat ‘n prokureur ‘n klag by die gelykheidshof in Johannesburg ingedien het.

Hilmer Kruger eis dat JuliAss van haatspraak, intimidasie van geregsbeamptes en die bevordering van geweld teen sekere ras- en beroepsgroepe beskuldig word.

*• Die regbank hou nie daarvan dat daar met hulle gemors word nie. So JuliAss kan dalk hiervoor selfs ‘n langer vonnis kry as vir die afvuur van sy “speelgoed pistool”... Hy moet maar by Kameraad Zuma gaan hoor hoe tree howe op oor minagting.*

---

## Polisie vol misdadigers

Die polisie kry dit ook nie juis reg om vir die regte redes in die nuus te kom nie.

Die soveelste kommissaris van polisie het nou in die hof verskyn op strafregtelike aanklagte. Feitlik al die kommissarisse sedert 1994 was betrokke by ‘n skandaal van een of ander aard. Slegs George Fivaz wat van voor 1994 kommissaris was en aangebly het tot en met sy vrywillige bedanking in 2000, het ‘n skoon rekord gehad.

Maar vir die res lyk die skandalige prentjie so: Jackie Selebi wat kommissaris was van 2000–2009 (en ook voormalige Interpol-president), het bande met georganiseerde misdaad gehad, en is skuldig bevind aan korrupsie waarvoor hy in 2010 tot 15 jaar tronkstraf gevonnis is.

Bheki Cele wat kommissaris was van 2009–2012, was betrokke by onwettige huurkontrakte vir SAPD-geboue en 'n ondersoekkommissie het sy optrede as "onbehoorlik" bevind, waarop hy afgedank is.

Die eerste vroulike kommissaris het nie beter gevaar as haar manlike voorgangers nie. Riah Phiyega, kommissaris van 2012–2015, was betrek by die Marikana-slagting. Die Farlam-kommissie het ernstige kritiek oor haar rol daarin gelewer, wat daartoe gelei het dat sy geskors en later verwyder is.

Khomotso Phahlane het waargeneem as kommissaris van 2015–2017, waartydens die skandaal oor sy kop losgebars het oor sy betrokkenheid by korrupsie, sy luukse lewenstyl, en kontrakte. Hy het in die hof verskyn vir bedrog en korrupsie, maar is intussen dissiplinêr skuldig bevind en oneervol ontslaan.

Khehla Sitole wat kommissaris was van 2017–2022, was betrokke by onreëlmatige verkryging van toerusting en het hofbevindinge teen hom gehad. Sy kontrak is nie hernu nie en hy verlaat amp onder druk.

Nou is dit Fannie Masemola se beurt wat sedert 2022 kommissaris is en wat nou in die hof verskyn het op strafregtelike aanklagte.

Dis egter nie al nie. Min of meer in dieselfde tyd is ander polisiename ook in die nuus opgemerk: Sersant Fannie Nkosi is borgtog geweier en word aangekla van diefstal, die besit van onwettige wapens en ammunisie, en regsverydeling.

Brigadier Mbangwa Abby Nkhwashu is geskors nadat hy skynbaar getuienis in 'n moordsaak vervals of daarmee gepeuter het. Hy word ook van magsmisbruik beskuldig.

En so is daar nog ander ook.

*• In die geval van kommissarisse, word dié deur die president van die land aangestel. Dus almal, van Thabo Mbeki, deur Jacob Zuma, tot by Cyril Ramapokker het die vermoë geopenbaar om die verkeerde aanstellings te maak, en om dan baaaaie lank te vat voordat hulle verwyder word. Almal is maar kaders wat ontplooi is, en wys op die misdadige aard van die kaders. Maar dis maar soos swart bevoordeling, oftewel "BEE" werk...*

---

## Artikel 235 dalk herroep?

Daar was nog altyd so 'n vae hoop dat artikel 235 van die huidige grondwet, Afrikaners se saak vir selfbeskikking kan ondersteun.

Die Boere-Afrikanervolksraad het etlike jare gelede daaroor 'n gesprek gehad met die destydse waarnemende president Ramaphosa, waartydens die Volksraad hom gewys het op die regering se plig om tersaaklike wetgewing op te stel wat artikel 235 regskrag sal gee. Ramapokker het gesê dit is nie die regering se werk nie, maar dat die Volksraad dit maar moet opneem met die sekretaris-generaal van die regerende party, dus die ANC. Op die manier het hy die regering se verpligting afgeskuif na die ANC.

Nou het Jacob Zuma se MK-party te kenne gegee dat hulle beplan om die Grondwetlike Vier-en-twintigste Wysigingswetsontwerp, 2026, in die Parlement ter tafel te lê om artikel 235 van die grondwet te herroep.

Dié party meen dat die land se Handves van Regte reeds die regte wat in die artikel vervat is, beskerm, en dat die insluiting daarvan in die Grondwet "verwarring, teenstrydighede en dubbelsinnigheid" skep.

Hulle het gesê dat die Handves van Regte almal


# Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com



**Medewerkers:**

Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Sydney Gregan
Mnr. Meinhard Peters
Mev. Alet Murray
Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik

die reg gee om vrylik die taal van hul keuse te gebruik en om deel te neem aan die kulturele lewe van hul keuse.

Dit gee ook almal die reg om hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen, hul taal te gebruik en kulturele, godsdienstige en taalkundige verenigings en ander organe van die burgerlike samelewing te vorm, aan te sluit en te onderhou.

Die party meen dus dat artikel 235 verwarring, teenstrydighede en dubbelsinnigheid in die grondwetlike raamwerk inbring deur 'n teoretiese basis vir die "selfbeskikking" van gemeenskappe te bied.

“Ten spyte van hierdie idee dat die reg op selfbeskikking van 'n gemeenskap deur wetgewing bepaal moet word... word dit gebruik om die valse indruk te skep dat die Grondwet kulturele enklawes of semi-outonome entiteite toelaat,” het hulle gesê. Hulle het bygevoeg dat artikel 235 ook die indruk wek dat die Grondwet hierdie enklawes of entiteite toelaat om op 'n wyse te funksioneer wat strydig is met die Handves van Regte.

Die MK-party het onlangs die artikel, sowel as die bestaan van Orania en Kleinfontein geteiken in reaksie op die vieringe van 30 jaar van die Suid-Afrikaanse grondwet.

*• Tot dusver het MK nog nie juis ver gekom met optredes in die parlement nie, want tot dusver was die vyandigheid en persoonlike vetes tussen hulle en die ANC en die leiers van die twee partye te hewig. Maar selfs die ANC se minister van justisie, Mmamoloko Kubayi, het al artikel 235 gekritiseer, dus stem MK en ANC skynbaar saam hieroor. Boonop is die ANC nie te vertrou nie, soos blyk uit die feit dat hulle in Ga!Teng in ‘n koalisie met die EFF is, sonder dat die nasionale leierskap, wat nou nog met die DA, VF Plus en ander vry, enige kritiek daarop gelewer het. Kom ons kyk wat maak daardie bedmaats met hierdie voorstel van MK.*



AfriSolar Supplies
Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstreet 321 (h/v Koraalboom),
Magalieskruin
* Solar-produkte
* Installasie van solar-sisteme
**Axel Powroznik: 082 22 44 584**
**sales@afrisolarsupplies.co.za** **facebook: AfriSolar Supplies**


## Lesersbrief

(Van bladsy 5)

### Help met bewyse van bewusmaking asseblief

Die ANC regering beweer dat hy nie bewus is van plaasmoorde nie, en vra nou hoekom daar nooi betogings was nie, en hoekom dit nooit onder sy aandag gebring was nie.

Die Studiegroep vir Eietydse Geskiedenis, SEGE, is besig met navorsing oor al die protesaksies teen plaasmoorde. Daar word gesoek na bewyse van protesoptogte en aksies teen plaasmoorde.

Aksie1
Gedurende die tydperk tussen 1998 en 2006 het die Verkennersbeweging ‘n reuse protesoptog op die terrasse van die Uniegebou gehou en nagenoeg 200 spierwit doodskiste op die Uniegebou se grasperk geplaas. Ds. Martin Jordaan het die opening waargeneem. Ons is opsoek na foto’s van die geleentheid en indien moontlik, ‘n afskrif van die protesskrif wat aan ‘n amptenaar van die staat oorhandig was.

Aksie 2
Dan soek ons ook afskrifte van briewe wat aan die SA regering of ambassadeurs/ambassades oorhandig was. Die HNP het so ‘n aksie gehad met verskeie skrywes.

Aksie 3
Daar was pogings van die VF plus om plaasmoorde tot prioriteitsmisdaad te verklaar. Bewyse hiervan word ook gesoek.

Aksie 4.5.6. Enige ander bewyse van protesaksies en protesskrifte word benodig.

‘n Volledige verslag gaan dan gepubliseer word om te bewys dat die ANC en die buiteland reeds jare gelede van hierdie volksmoord op ons mense weet, en dat hulle niks daaraan gedoen het nie.

Stuur asseblief enige bewyse aan **hannesscholtz@gmail.com** of WhatsApp na **0827888829**.

**Hannes Scholtz**
*Pretoria*

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...




Heidie het gister verjaar en ons het gaan teepartytjie hou. Sommer om dit regtig spesiaal te maak, het elkeen 'n hoed met blomme versier, opgesit. Sodat Heidie ongestoord kon sit en kuier en pakkies oopmaak, het ons al die eetgoed gebring, die tee gemaak en opgewas. Dis nou maar een ding, die dames van Tweede Wind kan behoorlik kuier.

Hortensia sit langs my en ek kan sien sy het 'n ding op haar hart. Toe sê ek vir haar, uit daarmee moenie dat dit jou so knaag nie. "Ek kan mense nie mooi verstaan nie," sê sy. "Hoekom kan almal nie net in rus en vrede langs mekaar woon en met hulle eie goed aangaan nie?" sê-vra sy.

"Nou wie bemoei hom nou weer met ander mense se goed?"

"Dis die arme ou oom met die groenteplaas anderkant die hoenderplaas. Jy weet, die mense wat vir ons die hoop komkommers gegee het?"

"Ja, hy en sy vrou lyk twee sulke liewe ordentlike mense."

"Presies. Nou het daar 'n ryk man uit die stad die grond langs hom gekoop. Gaan glo 'n swierige vakansiehuis met swembad en tennisbaan daar bou. Toe gaan die meneer en kry 'n landmeter wat nou sê hulle grensdraad loop deur die groenteboer se pampoenland en hy moet die hele grensdraad op sy koste skuif sodat die swembad daar kan inpas."

"Aggenee," kom van Sienie. Hy kan mos nie so maak nie?"

"Die groenteboer is glo self nie 'n pampoen nie. Hy sê glo hy sal die draad skuif en niks sê nie, maar hy dink nie die mense sal ooit langs hulle swembad wil sit of by die braaiplek kuier nie. Hy beplan glo nou 'n klompie varkhokke reg teen die draad," sê Hortensia. "Ek wil bietjie gaan inloer om te kyk hoe hy vorder."

"Eintlik 'n goeie plan, hulle het seker heelwat groente wat nie bemark word nie en varke wat baie groente eet sal die probleem nog meer doeltreffend hanteer," lag Sienie.

Toe ek huis toe stap, kyk ek op na die helderblou lug met hier en daar 'n wattebolletjie, na die wye oop grasveld en ons ou witstinkhoutboom in sy herfsdrag en ek is opnuut dankbaar dat ons hier in ons verre land, ver van die bakleiery in die buiteland, kan woon. Ja, die rimpel-golfies sal by ons ook uitspoel, maar nie so erg dat ons dit nie sal kan hanteer solank ons behoorlik voorbereid is nie.

By die huis wag Servaas en oom Janneman my in. Tussen hulle staan 'n tamaai kartondoos. Oom Janneman sê Eerwaarde is dorp toe maar hy het dit vir ons kosstoor laat kom, ons kan dit solank bêre.

Servaas maak die doos met sy knipmes oop. Binne is 'n klomp bossies blinkvet bokkoms van Velddrif af.

Oom Janneman deins 'n paar treë terug. "Sjoe! Ons kan dit nie by die kos bêre nie! Oom Servaas, ek sal dit by die stookketel gaan ophang dit sal sommer diewe ook weghou."

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie



# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

---

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: ☐ Prof ☐ Dr ☐ Mnr ☐ Mev ☐ Mej

Van en Voorletters: ____________________

Adres: ____________________________ Sel.no.: _______________________

____________________________ E-pos: _______________________

____________________________

Poskode: ________

ID No: _________________________________

Vaardigheid/Beroep: ______________________________

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: ______________________ Datum: ________________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** _______________________ **Ledegeld betaal:** ____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** ___________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: _____________ Lidnommer: _______________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _______________________

# Die Afrikaner

sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

## Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ____________________________________

Adres: ____________________________ Sel. ____________________________

____________________________ E-pos ____________________________

____________________________

Poskode: __________

ID Nr: __________________________ Datum: ______________

**AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ______________________________

**TAKNAAM EN DORP** ______________________________

**TAKNOMMER**: ______________ **REKENINGNOMMER**: ______________________

**TIPE REKENING**: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

**BEDRAG:** R ____________ ( ______________________________**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang ________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te ____________________ op hierdie _____ dag van ______________ 2024.

________________________

HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie